Publication: Die Burger (Kaap Stedelik), Saterdag
Date: 01 Apr 2017
Page: 1

Onderwysstudent se lyk op Stellenbosch-berg gevind

Matthew Williams (20), 'n onderwysstudent in sy derde jaar, se lyk is deur 'n soekgeselskap gevind.

"Ons het Vrydagoggend omstreeks 01:00 gehoor dat hy dalk op die (Stellenbosch)berg is," sê Johann Marais van Wildernis-soek-en-redding wat die soektog gelei het.

Marais sê Williams het 'n opsporingstoepassing op sy selfoon gehad wat die plek waar hy hom bevind na sy rekenaar gestuur het. "Deur die toepassing het ons sy lyk gevind."

Williams is Donderdagaand omstreeks 20:00 laas deur sy kamermaat lewend gesien en volgens Marais is dit moontlik dat Williams sy eie lewe geneem het.

Matthew Williams

Martin Viljoen, 'n woordvoerder van die Universiteit Stellenbosch (US), het ook gesê daar word geen misdaad vermoed nie.

"Die bestuur van die US het met skok en spyt verneem van die afsterwe van Williams . . . Sy liggaam is vanoggend (Vrydag) in die omgewing van die Stellenbosch-berg agter die Coetzenburg-sportterrein gevind. Ons innige meegevoel gaan aan die familie in hierdie baie moeilike tyd."

Sers. Noloyiso Rwexana, polisiewoordvoerder, het bevestig dat die lyk gevind is. **– Shantel Moses**

This material has been copied under a DALRO licence and
is not for resale or retransmission